View this email in your browser




## INHOUD / CONTENT

- Brief van die besturende direkteur / Letter from the managing director
- Van / From **Falcon**

  - The Falcon Flail Mower
  - Waarborge / Warranties

- From **Amazone**

  - The Amazone Certos-2TX
  - Amazone ZA-TS spreader: Saving fertiliser couldn't be easier



So staan ons weer in die middel van nog ‘n jaar, met ongekende hoë reënval, ongemaklike strooptoestande en koueweerstoestande wat ons vinnig bekruip het. Wat ‘n voorreg om weer die pen te kan uithaal en met julle, ons vennote in die landboubedryf te gesels!

Ek dink julle sal met my saamstem as ek sê dat ons, in die landbou, altyd iets het om voor dankbaar te wees nieteenstaande die feit dat ons vele uitdagings in die gesig staar en verseker nooit ’n vervelige oomblik beleef nie. Graag maak ek van hierdie geleentheid gebruik om met julle te deel waarmee die Falcon-span die afgelope ses maande mee doenig was.

Die proses om Staalmeester onder die Falcon-handelsmerk op te neem het baie goed verloop en

ons is nou as een besigheid geregistreer wat beide Falcon Agricultural Equipment en Staalmeester bedryf. Die hoofrede vir die inlywing was om die produktiwiteit van die twee vervaardigingsaanlegte saam te smelt ten einde meer effektief besigheid te bedryf. Soos jy weet is Staalmeester meer produktief in die winter, terwyl Falcon meer besigheid bedryf gedurende die somermaande. Gevolglik word die produktiwiteit en doeltreffendheid van ons mense nou regdeur die jaar optimaal benut, terwyl die fabriek in Howick, Natal, nou geoptimaliseer word om ŉ nog beter diens te kan lewer.

Soos reeds gekommunikeer het ons oorgeskakel na 'n nuwe sisteem (SAP). Dié oorskakeling was nie sonder uitdagings nie, maar ek is bly om te rapporteer dat ons weer ten volle funksioneer. Ons glo en vetrou dat in die toekoms die nuwe sisteem nog baie voordele vir ons sal inhou en ons ook in staat sal stel om jou as handelaar en kliënt beter te kan bedien.

Na twee en 'n half jaar het ons vanjaar weer die voorreg gehad om met ons gewaardeerde handelaars en kliënte op Nampo 2022 te kon verkeer. Ons het baie positiewe terugvoer ontvang en ons is ongelooflik dankbaar vir die skakeling met elke handelaar en kliënt.

Nuut vanuit die Falcon-reeks is ons *F210* en *F250 Flail Mower* wat baie mooi by ons huidige reeks inpas en waarvan die werkswydte volgens ons kliënte se behoefte aangepas kan word. Ook vanuit ons Amazone-reeks het ons die nuwe *ZA-TS 2200 Super Profis Hydro*-strooier wat, indien jy nie oor 'n presisiestrooier beskik nie, verseker in jou sak én op jou plaas sal pas. Asook die *Certos-2TX* gesleepte kompakte skotteleg, ideaal vir intensiewe vermenging van grondbewerking en medium-diep grondbewerking.

Uit ŉ finansiële oogpunt gaan dit met ons baie goed en is ons besigheid waarlik geseënd die laaste jaar. As ons na die landbousektor in die geheel kyk weet ons dat elkeen wat in die sektor werksaam is hierdie jaar groot uitdagings in die gesig staar met betrekking tot ongekende hoë insetkostes. Falcon Agricultural Equipment spits hom steeds toe om die voorkeur vervaardiger van wentelsnyers in Suid-Afrika te wees en sal aanhou om die boer te voorsien van kwaliteit produkte vanuit ons Falcon- en Amazone-produkreekse. Ons fokus op die nodige "UPTIME" van elke produk en weet dat met die nodige kennis en diens ons altyd die boer se eerste keuse sal bly.

Graag bedank ek elkeen van julle vir julle getroue en volgehoue ondersteuning en doen ek ook 'n beroep om julle deur al die omstandighede wat ons elke dag in die gesig staar steeds positief te bly en 'n verskil te maak. Mag die seisoen wat vir jul elkeen voorlê geseënd wees en mag julle net vreugde en voorspoed ervaar.

Dit in kort van my kant af, tot wedersiens.

Groete
Jacques Pretorius
*"Everything will happen for you all of a sudden and you will be thankful you didn't give up. Blessings are coming. Believe that. " - Jay Shetty*

---

And so, we once again find ourselves in the middle of another year, with unprecedented high rainfall, uncomfortable harvesting circumstances and chilly weather conditions that crept up on us. What a privilege to be able to take out the pen again and to talk to you, our valued partners in the agricultural industry!

I think you will agree with me when I say that, in agriculture, we always have something to be thankful for even though we face many challenges and certainly never experience a boring moment. I would like to take this opportunity to share with you what the Falcon team has been up to for the past six months.

The process of incorporating Staalmeester under the Falcon brand went very well and we are now registered as one business operating both Falcon Agricultural Equipment and Staalmeester. The main reason for the incorporation was to merge the productivity of the two manufacturing plants to run business more efficiently. As you know, Staalmeester is more productive in the winter, while Falcon does more business during the summer months. As a result, the productivity and efficiency of our people are now optimally used throughout the year, while the factory in Howick, Natal, is now optimised to provide an even better service.

As already communicated, we have switched to a new system (SAP). This transition was not without challenges, but I am pleased to report that we are fully operational again. We believe and trust that in the future the new system will further benefit us and will also enable us to better serve you as a dealer and customer.

After two and a half years, we had the privilege again this year to be able to interact with our valued dealers and customers at Nampo 2022. We have received positive feedback and we are incredibly grateful for the time spend with every retailer and customer.

New from the Falcon range are our *F210* and *F250 Flail Mower* which fit in very nicely with our current range and whose working width can adjust according to our customers' needs. Also, from our Amazon range we have the new *ZA-TS 2200 Super Profis Hydro Spreader* which, if you do not have a precision spreader, will fit your pocket and your farm. As well as the *Certos-2TX* trailed disc harrow, ideal for intensive mixing of tillage and medium-deep tillage.

From a financial point of view, we are doing very well, and our business has been truly blessed over the last year. If we look at the agricultural sector, we know that everyone working in the sector is facing major challenges this year in terms of unprecedented high input costs. Falcon Agricultural Equipment continues to focus on being the preferred manufacturer of rotary cutters in South Africa and will continue to provide the farmer with quality products from our Falcon and Amazon product ranges. We focus on the necessary “UPTIME” of each product and know that with the necessary knowledge and service we will always remain the farmer's first choice.

I would like to thank each one of you for your loyal and continued support and I also appeal to you to remain positive despite all the circumstances we face every day. May the season ahead bless each of you and may you experience joy and prosperity.

That in short from my side until we meet again.

Regards
Jacques Pretorius
*“Everything will happen for you all of a sudden and you will be thankful you didn’t give up. Blessings are coming. Believe that.” - Jay Shetty*



CLICK ON THIS BLOCK FOR MORE INFORMATION ON THE FLAIL MOWER




## WAARBORGE EN VRYWARINGS

Falcon-produkte word vervaardig ooreenkomstig met gevestigde gehalte-standaarde en word deur ’n beperkte waarborg teen defektiewe materiale en vakmanskap gedek. Kragtens hierdie waarborg mag Falcon of ’n gemagtigde Handelaar redelike herstelwerk of vervanging van produkte of produkonderdele uitvoer, soos vereis.

**Algemene voorwaardes van beperkte waarborg**

Enige eis ten opsigte van die waarborg moet aan die volgende minimumvoorwaardes voldoen:
Die implement is nie aan verkeerde gebruik, misbruik, beskadiging of verwaarlosing onderwerp nie.

- Die Eienaar is in besit van hierdie handleiding en kan ’n begrip en toepassing van die bepalings daarvan demonstreer.
- Die implement is uitsluitlik vir die bedoelde doel gebruik en in ’n konfigurasie waarin dit ontwerp is om bedryf te word.
- Installering, opstelling, bedryf en instandhouding van die implement het in ooreenstemming met hierdie handleiding plaasgevind.
- Instandhouding van die implement is uitgevoer soos in hierdie handleiding voorgeskryf, met gebruik van oorspronklike en goedgekeurde onderdele.
- Die implement is nie aan enige strukturele, meganiese of enige ander ongemagtigde wysiging of herstelwerk onderwerp nie.
- Kennis van ’n waarborg-eis is binne die voorgeskrewe waarborgtydperk vir die betrokke produk aan ’n gemagtigde Handelaar gegee.

**Uitsluitings**

Die volgende items word van waarborgdekking uitgesluit, insluitend enige onkoste daaraan verbonde:

- Onderdele as verbruikbare of slytonderdele geag.
- Produkte of produkonderdele wat aanvaarbare slytasie vertoon.
- Tydelike vervanging, leen of huur van vervangingsonderdele of -toerusting.
- Vervoer en hantering van geaffekteerde produkte.
- Gevolglike skade of verlies aan of deur enige persoon, organisasie of andersins geaffekteerde party.

**Geldigheid**

Hierdie waarborg vervang alle vorige waarborgvoorwaardes, hetsy eksplisiet of geïmpliseer, insluitend enige vorige verpligting of aanspreeklikheid van Falcon ten opsigte van nie-ooreenstemmende of defekte produkte.

**Vrywaring**

Falcon handhaaf ’n program van voortdurende produkverbetering en gevolg behou ons die reg om ontwerpe, spesifikasies, beskrywings, materiale en enige ander produkeienskap sonder voorafkennisgewing te wysig, insluitend geen verpligting om sulke veranderinge in dokumentasie of literatuur te weerspieël of aan te bring aan produkte wat voorheen verkoop of aangehou is nie.

---

## WARRANTY AND DISCLAIMER

Falcon products are manufactured in accordance with established quality standards and are

accompanied by a limited warranty against defective materials and workmanship. In terms of this warranty, Falcon or an authorised Dealer may conduct reasonable repairs or replacement of products or parts of products, as required.

**General conditions of limited warranty**

Any claim with respect to warranty shall satisfy the following minimum conditions:

- The implement has not been subjected to misuse, abuse, damage or acts of negligence.
- The Owner is in possession of, and can demonstrate an understanding and application of the provisions of this manual.
- The implement has been used exclusively for its intended purpose and in a configuration in which it was designed to operate.
- Installation, setup, operation and maintenance of the implement have been carried out in accordance with this manual.
- Maintenance of the implement has been carried out as prescribed in this manual, using original and approved parts.
- The implement has not been subjected to structural, mechanical or any other unauthorised modification or repair.
- A warranty claim has been reported to an authorised Dealer within the prescribed warranty period for the product concerned.

**Exclusions**

The following items are excluded from warranty cover, including any costs relating to these:

- Parts reckoned as consumable or wearing parts.
- Products or parts of products exhibiting acceptable wear and tear.
- Temporary replacement, loan or hire of substitute parts or equipment.
- Transport and handling of affected products.
- Consequential damage or loss on the part of any person, organization or otherwise affected party.

**Validity**

This warranty supersedes all previous conditions of warranty, whether expressed or implied, including any previous obligation or liability on the part of Falcon in respect of non-conforming or defective product.

**Disclaimer**

Falcon maintains a program of continuous product improvement and consequently reserves the right to of construction and any other product attribute without prior notice. This includes no obligation to reflect such changes in documentation or literature or to provide any such changes to products previously sold or held in stock. change designs, specifications, descriptions and materials

AMAZONE

## Amazone Certos-2TX | Powerful all-rounder

As the worldwide demand grew for fast, effective, and economical soil tillage implements, so the compact disc harrow market followed. Very soon however the increase in yields also lead to an increase in organic matter which needed to be dealt with by this same type of operations. Amazone's answer to this demand was the powerful all-rounder called the Certos-2TX. This heavy trailed compact disc harrow is ideal for intensive mixing and medium-deep soil tillage. With its 660 mm serrated discs, the Certos-2TX can penetrate the soil down to 20 cm and incorporates also large amount of organic matter, blockage-free. Copious amounts of maize stubble, sunflower residues, catch crops or tilled grassland is no problem for this implement, even on hard or dry soils. This is all possible due to the aggressive 22° angle the front row of discs is set at with the rear row of discs following at 17°. This setting of the discs not only results in an excellent working profile, even on heavy soils, but it also contributes to a more favourable l/ha fuel consumption which is also one of the key factors for profitable farming.

As expected, the Certos, just like its smaller brother the Catros, also boasts with the same disc bearing technology (only 44% bigger), which is obviously a maintenance free, oil filled double roller bearing system with slide ring seals, which is the same technology used in construction machinery like bulldozers. Here too every disc is individually suspended with 50 mm maintenance free rubber elements.

The Certos-2TX is available in a 4, 5, 6 and 7 m version and can be equipped with various reconsolidation rollers. The Certos-2TX can also be equipped with the Greendrill 501 (ISOBUS)

universal catch crop seeder box by Amazone for the distribution of fine seeds, catch crops and fertiliser.

*Written by: Ruben van der Merwe*

Click here to see more information on our website



## Amazone ZA-TS Spreader | Saving fertiliser couldn't be easier

With the price of fertiliser on everyone's lips, I find myself pondering high input costs. I simplify this conundrum for myself by comparing it to the game of rugby.

It then becomes clear to me that certain key aspects are extremely important in order to put together a winning team. For us as AB-Inbev's model farm, it is extremely important to have a sustainable winning team. To achieve this goal, we had to upgrade certain aspects.

One of our biggest shortfalls have been the way in which we apply fertiliser. Fertiliser makes up the largest single input cost on the farm and although we were aware of this, we continued with a spreader without any section control. As part of our game plan, we had to start looking intensively at precision equipment, which led us to our first purchase: an Amazone ZA-TS 3200 Super Profis Hydro spreader.

With its 128 sections, I'm sure that I won't waste any fertiliser by double placement, and I won't skip a single spot on my entire land.

Thanks to border spreading technology, I no longer let my neighbour's grain on the other side of the fence show off the excess fertiliser. Our tactic for cost saving is simple: if you do not plant there you do not spread there. With the push of a button, I can spread up to the end of my field with virtually no fertiliser landing over the fence.

For the first few years we saved costs and spread with the machine without any additions to it and it worked perfectly for us. I was convinced that there could not be anything better than what we were spreading with, but the Amazone team is constantly working on new things to make the job easier and more effective for us as farmers. And let me tell you something, the Caledon area where we farm does not have the most level agricultural land, adding to our challenge.

Together with the Falcon team, we conducted tests in 2020 with the ArgusTwin system and immediately acquired the 'bomb squad'. Those 14 radar eyes make sure there is constant monitoring of the fertiliser, throughout the day. This helps to level the fields more, while the radars make sure that the spreading pattern remains the same.

After adding that to our spreader we had the 'Rolls-Royce' of spreaders on the farm, but there is one more thing the fairest Cape is also known for: wind! But Amazone also had an answer for this challenge: WindControl aka 'waterboy' that can be mounted on the ZA-TS! It can eliminate wind speeds up to 10 m/sec, in other words 36 km/h. This enables us to spread most of the days, regardless of the wind. Before, we had to throw in the towel because of the wind, and for that we paid dearly in terms of proceeds.

The ISOBUS system of the Amazone spreader fits on my JD tractor 100%, without any problems, and everything worked 100%. I was also able to set up a profile for my operator so that we only display the functions we use on our farm on the screen. There are a few things on this spreader that make it very efficient for me as a farmer as well as for my operator.

Firstly, the spreader comes standard with two ladders along the side so that the bulk bags on both sides can easily be opened to fill the spreader. Secondly, wheels that pop out when you step on them from the side and thirdly, the spreader can be conveniently unhooked and pushed around - with a full load if necessary. They also fold out of the way just as easily for when you are spreading.

Then of course my favourite, the very cleverly designed canvas that rolls up hydraulically so that the whole spreader hopper is open for filling up and again closes very neatly for those short bouts of rain that passes by sometimes.

With all this said and done, we now definitely have a winning team on the farm. Our fertiliser savings are significantly more and so is the efficiency, thanks to the right tools like the Amazone ZA-TS 3200 Super Profis Hydro with ArgusTwin and WindControl. Happy farming.

*Written by: Hennie le Roux (SABBF) and Wessel Vosloo (Falcon Agricultural Equipment).*



## En toe was daar NAMPO...
*And then there was NAMPO...*












## Dankie vir almal se ondersteuning!
*Thank you for all your support!*

**KONTAK ONS / CONTACT US**
Tel: +27 (0)33 330 4764,  Verkope/Sales: +27 (0)33 330 5787
info@falconequipment.co.za
www.falconequipment.co.za

*Copyright © 2021 Falcon Agricultural Equipment (Pty) Ltd*
*All rights reserved*

**Our mailing address is:**
PO Box 170
Howick
3290
South Africa

15 Mopane Road, Merrivale, 3291

Want to change how you receive these emails?
You can update your preferences or unsubscribe from this list.

This email was sent to <<Email Address>>
*why did I get this?* unsubscribe from this list update subscription preferences
Falcon Agricultural Equipment · P.O. Box 170 · Howick, KwaZulu Natal 3290 · South Africa